Uitgawe 5

20 April 2018

MEERKATNUUS

Belangrike datums

23 April 2018:	Rugby Streekproewe by Laurus
	Hokkie oefening (15:00 – 16:00)
	Beheerliggaamvergadering om (18:00)
25 April 2018:	Oudtshoorn vs Karoo (o/13) Rugby proewe (Laurus)
	Netbal Kannaland proewe
	Hokkie oefening (14:30 – 15:30)
30 April 2018:	Vakansiedag
1 Mei 2018:	Werkersdag
2 Mei 2018:	Hokkie Oefening (14:30 – 15:30)
4 Mei 2018:	Klasuitstappie (Karoo water) Gr.5
5 Mei 2018:	Laerskool Wesbank (Eden Proewe Netbal)

TOEKENNING ONTVANG vir Akademiese prestasie in Wiskunde en Afrikaans vir Graad 3 en Graad 6.

Die leerders is dankbaar vir die personeel wat so hard gewerk het om hierdie prestasie moontlik te maak. Van verlede jaar se graad 3 leerders pronk met die sertifikaat vanaf WKOD.

Netbal – Hartenbos

Die o/7, o/8 en o/9 dogters was Saterdag, 14 April baie opgewonde om netbal te Hartenbos te gaan speel. Elke span het 3 wedstryde gespeel en baie goed gevaar. Dogters se gedrag was baie goed. Baie dankie aan al die ouers vir hul ondersteuning.

Sone proewe – 0/13:

Woensdag, 18 April het van ons o/13 rugbyspelers aan die Sone proewe deelgeneem. Dit was by Wesbank se velde gehou en daar was goeie kompetisie gebied. Ons sien uit na die seisoen wat voorlê. Hier is die spelers in aksie teen Sacred Heart.

ONTHOU!

KOOP NOU JOU REVUE KAARTJIES BY DIE KANTOOR EN BESPREEK OM SITPLEK TE VERSEKER!

Poppekasvertoning:

Die Gr. 3 en Gr. 4-leerders het op Vrydag, 13 April 2018 na ‘n poppekasvertoning gekyk wat aangebied is deur Veldkerjakkers. Krap en Tarentaal en nog ander diere het vertel van die belangrikheid van water.

Die gr. 4’s het in Afrikaans geleer hoe om ‘n instruksieteks te skryf. Hulle moes daarna ‘n instruksieteks lees en die produk maak. Hier is van hul produkte.

Mini-Rugby

Die mini-Rugby het Saterdag, 14 April aan Laerskoo Hartenbos se rugbydag deelgeneem. Laurus se rugbyspanne het goed presteer . Ons speel teen skole soos Blanco, Plettenberg, Durbanville en Wesbank. Ons wil baie dankie sê aan elke afrigter vir hul harde werk en tyd wat hulle in die sport belê.

Meerkatnuus is ook elektronies beskikbaar op D6 en op ons webwerf(www.laerskoollaurus.co.za).

Meerkatnuus deur: Bernard Els